JUNIE-EKSAMEN

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISONELE TAAL

VRAESTEL 3

JUNIE 2015

PUNTE: 100
TYD: 2 ½ UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 7 bladsye.

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 3

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (deur bv. die gebruik van 'n breinkaart / diagram / vloeidiagram / sleutel woorde, ens), redigeer en proeflees. Die planning moet voor elke teks verskyn.

   VOORBEELD:

	LINKERBLADSY **BEPLANNING/REDIGERING** **<u>Kan</u>** só lyk  Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.		**1.2.**	**REGTERBLADSY** **FINALE PRODUK** Byvoorbeeld: **Die sokkerwêreldbeker**	

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en ingehandig word. Dit is raadsaam om 'n streep te trek deur die beplanning.

7. Jy word sterk aangeraai om jou tyd met die beantwoording van elke afdeling as volg te verdeel:

   - 80 minute aan Afdeling A
   - 40 minute aan Afdeling B
   - 30 minute aan Afdeling C.

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1 Ag! Hulle is so wonderlik! **[50]**

1.2 Misdaad is nie goed vir die ekonomie van ons land nie want… **[50]**

1.3 Hulle dink ek weet dit nie maar... **[50]**

1.4 Die selfies op my selfoon. **[50]**

1.5 Xenofobia is so verkeerd. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband tussen die osptel en die prent wat jy gekies het wees.

1.6.1

[50]

1.6.2



[50]

1.6.3

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 CV met 'n DEKBRIEF

ENGO JEUGSORGSENTRUMS
ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

Sleutel prestasie areas:

- Verantwoordelik vir administrasie en organisasie van take verbonde aan die pos.

Posvereistes:

- **Bly in Johannesburg**
- Bestuurderslisensie
- Afrikaans- en Engelsmagtig
- Goeie fisiese- en psigiese welstand
- Rekenaarvaardig met veral MS Office
- Sterk administratiewe en organisasie vermoeëns
- Die taal van die werkgewer is Afrikaans

In ruil vir die regte applikant bied die werkgewer 'n goeie salaris met voordele.

Aansoeke sluit: 17 April 2015

Aansoeke met 'n volledige CV met die aanduiding van verwagte salaris kan gerig word aan:
Die Direkteur
Finansiële Dienste
Posbus 12552, Brandhof, 9324

Diensaanvaarding: **1 Augustus 2015** of so spoedig moontlik.

Die bogenoemde advertensie vir 'n vakante pos het in "Die Beeld" koerant verskyn.

Doen aansoek vir die werk deur 'n **CV met 'n DEKBRIEF** te doen. **[30]**

2.2 DIALOOG

Jy sien verskriklik uit na die Matriekafskeid. 'n Seun / Meisie van wie jy nie baie hou nie het jou gevra om saam met hom/haar te gaan.

Skryf 'n **dialoog** tussen jou en jou beste vriend/ vriendin waarin julle die dilemma bespreek. **[30]**

2.3 **BOEKRESENSIE**

Jy is deur die redakteur van die skoolkoerant gevra om ‘n boekresensie te doen oor die Literatuur wat julle in Afrikaans doen.

Skryf ‘n **boekresensie** oor die Literatuur. **[30]**

2.4 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou ouma wil hê jy moet die vakansie by haar kom kuier maar jy het alreeds planne gemaak om saam met vriende na Durban toe te gaan.

Skryf ‘n **vriendskaplike brief** aan jou ouma waarin jy die bogenoemde sitausie hanteer. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **DAGBOEKINSKRYWING**

Die groot dag het uieindelik aangebreek waarop jy jou bestuurslisensie-toets gaan skryf.

Maak ‘n **dagboekinskrywing** oor TWEE dae soos volg:

- Jou gevoelens die dag VOOR jy vir die bestuurslisensie-toets gegaan het.
- Jou gevoelens die dag NA jy vir die bestuurslisensie-toets gegaan het. **[20]**

3.2 **ADVERTENSIE-PLAKKAAT**

Jy is ‘n ervare sportman/-vrou en wil graag jong kinders afrig om die sport, waarin jy so goed is, suksesvol te kan beoefen.

Ontwerp ‘n **advertensie-plakkaat** waain jy jou dienste teen betaling aanbied. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou vriend/vriendin het ‘n nuwe selfoon gekoop wat presies soos joune is maar weet nie hoe om nuwe kontakte op die foon te stoor nie.

Skryf die **instruksies** wat jy aan jou vriend/vriendin gee oor hoe om dit te doen. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20

VRAESTEL TOTAAL: 100